

D.M. Wybenga

Resensie: *Nederlands-Afrikaanse Woordeboek* (Dekker, L. & Paardekooper, P.C. (samest.). 1990. Pretoria: J.L. Van Schaik. Prys R18,50.)

Daar bestaan reeds 'n geruime tyd, 'n mens wil byna sê sedert 1925 'n definitiewe behoefte aan 'n tweetalige Nederlands en Afrikaanse Woordeboek. Of hierdie uitgawe in die behoefte voorsien, is egter 'n ope vraag.

Die doel van die Woardeboek (ANW) word in die toeligtingsgedeelte gegee as: "Dit wil die Afrikaanssprekende wat nie Nederlands magtig is nie, veral die senior hoërskoolleerling en jong student, help om boeke in daardie taal maklik en met meer begrip te lees." Om hierdie doel te bereik word "Nederlandse woorde, woordvorme en uitdrukkings wat ... verstaanprobleme mag oplewer ... in Afrikaans verklaar."

Die (ANW) bevat sowat 1500 Nederlandse woorde en uitdrukkings wat in Afrikaans vertaal en verklaar word.

Die woordelyste by Nederlandse tekste wat plaaslik gedruk word, beloop gewoonlik van 250 tot meer as 750 woorde en uitdrukkings (vergeelyk bv. die *Academica*-uitgawe van Vestdijk se *Terug tot Ina Daman* met ongeveer 750 verklarings, en die Van Schaik-uitgawe van Vondel se Gijsbrecht van Aemstel met ongeveer 800 verklarings).

Om die ANW 'n woardeboek te noem is in vergelyking met hierdie woordelyste ietwat prentensieus. Dit is hoogstens 'n uitgebreide woordelys. Daar kan natuurlik geredeneer word dat die skrywers van die ANW hulle uitsluitlik beperk het "tot die twintigste-eeuse Algemeen Beskaafde Nederlandse literatuur, meer bepaald van die nuwer boeke wat deesdae op hoërskool en universiteit gelees word". Hierom gaan die vergelyking met die Vondeluitgawe nie op nie. Nogtans vergelyk hierdie lys verklarings nie baie goed met dié in die Vestdijk-uitgawe nie - hoewel vroeër geskryf, is hierdie boek in 1972 vir die eerste maal gepubliseer. 'n Vlugtige vergelykende blik op slegs twee bladsye wys dat die volgende meer algemene woorde wat in die Vestdijkwoordelys voorkom, nie in die ANW opgeneem is nie: *beestachtig, krenng, karpel, oplazeren, mand, amechtig, inzepen, estrade, lei* in die sin van *neergelê*, (in ANW kom *lei* wel as *laan* voor).

Of hierdie woardeboek hoegenaamd beter in sy doel slaag as die woordelyste wat in ieder geval by die Suid-Afrikaanse uitgawes van Nederlandse boeke ingesluit is, val te betwyfel. Benewens die besliste yl versameling woorde wat opgeneem is, sal 'n paar aanwysings oor verskille tussen Nederlands en Afrikaans byvoorbeeld *z/x/s, y/x/ij* ook 'n verbetering wees. Selfs die karige grammatikale gegewens wat in die meeste Suid-Afrikaanse uitgawes van Nederlandse boeke gegee word, is vollediger en bruikbaar as dié in die ANW.

Die behoefte waarvan aanvanklik gepraat is, word deur hierdie "woordeboek" eerder beklemtoon as om daarin te voorsien.

**Potchefstroomse Universiteit vir CHO
(Vaaldriehoekcampus)**